## bestuur@mgev.co.za

**From:** bestuur@mgev.co.za
**Sent:** Thursday, 18 January 2024 15:57
**To:** 'admin@mosselbay.gov.za'; 'Kotzé, Dirk'; 'Slabbert, Nanindi'
**Cc:** 'Steyn, Douw'; 'cpuren@mosselbay.gov.za'
**Subject:** Navrae van die Mosselbaai Gemeenskap -Verwysing nr 10926437 en leer nr 15/1/1/3

Geagte Mnr D Kotze en Munisipale Bestuur

Ons e-pos van 18 Jan 2024 – Korrespondensie nommer: 10926437 en leer nommer 15/1/1/3 Verwys – Die vrae van die gemeenskap:

Na aanleiding van die finansiële state van die jaar 2021/2022 en 2022/23 is daar gemerk dat daar uitgawes aangegaan is met die belasting betalers van Mosselbaai se fondse. Daar het egter 'n paar knellende vrae ontstaan en die MGEV verlang graag terugvoer op die volgende vrae:

1. Op watter forum is die bedrae wat gemagtig is afgeskryf te word gedoen?

2. Wat is die kriteria wat gebruik is om die geld per lid af te skryf?

3. Wie was gemagtig om die geld af te skryf en wat was die mandaat van die persoon?

4. Het die persoon 'n delegasie van Tesourie om te se tot watter bedrag hy mag afskryf?

5. Daar was 80 Buurtwagte goedgekeur. Waar is die aanstellings briewe/ magtigings briewe (Memorandum of Understanding (MOU)) wat met die verskillende buurtwagte gesluit is.

6. Wat is die kriteria waaraan voldoen moet word om die betaling van enige Buurtwag wat geskep word te kan betaal?

7. Wat dui die ooreenkomste aan wat sal die betalings ooreenkomste wees volgens die munisipaliteit van Mosselbaai om die lede te vergoed. (Output) (Volgens die PMFA mag geen betaling geskied as daar nie 'n ooreenkoms is en dus die munisipaliteit magtig om enige bedrae te betaal nie.)

8. In die finansiële state word aangedui dat daar geld betaal is vir Buurtwagte. Aan wie is dit betaal en wat is die detail van betalings wat gemaak is.

9. Is daar enige bates aan die Buurtwag toegeken vir gebruik? Is daar 'n ooreenkoms wat die eienaarskap daarvan aandui.

10. Wie dek die uitgawes van die Buurtwag?

11. Wie keur die uitgawes van die Buurtwag goed? Is daar stawende dokumente vir die uitgawes?

12. Die JOC het R3mil ontvang. Wat is die kriteria waaraan die JOC moes voldoen om enige betalings te kon regverdig. Hoe is daar bepaal dat R3mil benodig sou word?

13. Is daar 'n MOU tussen die munisipaliteit en JOC wat stipuleer waaraan die JOC moet voldoen om enige fondse te mag ontvang. (Volgens PFMA is dat daar eers diens gelewer mag word voor belastings mag gedoen word ander moet die geld stuksgewys gedoen word na afhandeling per fase?)

14. Wat is die samestelling van die JOC? Is daar 'n voorsitter, onder voorsitter en 'n finansiële lid wat verantwoordbaar volgens kontrak aangestel is.?

15. Wie word verantwoordelik gehou vir die uitgawes van die JOC?

16. Is daar ‘n raad wat alle uitgawes goedkeur en is daar die regte kworum teenwoordig by elke goedkeur vergadering. Is daar notules om die goedkeurings te staaf?

17. Is daar stawende dokument vir elke uitgawe wat goedgekeur is? (Oudit spoor)

18. Watter bates is op die JOC se boeke en wie is die eienaar van daardie bates?

19. Daar is slegte skuld afgeskryf en ‘n bedrag van R74mil. Daar is aangedui dat die vir lede is wat dit nie kon bekostig. Wat was die kriteria som te bepaal dat die slegte skuld van ‘n lid afgeskryf kon word?

20. Is daar bepaal dat die lede wat dit nie kon bekostig het, werklik aan die kriteria voldoen het?

21. Is daar ‘n poging aangewend dat daar ten minste ‘n verminderde bedrag dalk ingevorder kon word of bly daardie lede sommer maar net verniet en die groter meerderheid van Mosselbaai moet betaal vir daardie skuld? (Word daar nie ‘n verwagting nou geskep dat as ek nie geld het sal die skuld net afgeskryf word en niemand gaan my dwing om iets te doen nie?)

22. Is daar ‘n naamlys met ID nommers van lede met adresse, wat kwytgeskel is van nie betalings? (Hoeveel jaar betaal daardie lede nie. Daar moet ten minste ‘n staat wees van wanbetalers van die laaste 3 tot 5 jaar.)

23. Is daar ‘n filter “screening” proses gewees om te bepaal dat die lede wat se hulle kan nie betaal, wel so is? (Hier moet dit gedoen wees deur ‘n sensus wat bepaal wie werk in elke huishouding en man en vrou se detail moet op die lys wees. Daar is baie kansvatters wat die huis in die een eggenoot se naam wat werkloos is geregistreer is maar daar is ‘n broodwinner in die huishouding.)

Dit sal hoog op prys gestel kan word as die vrae beantwoord kan word om aangedui hoe die lede van Mosselbaai se fondse deur die Mosselbaai munisipaliteit aangewend word.

By voorbaat dank.
Die MGEV Span